DIE MEULENAAR

Amptelike Nuusbrief
van die

BOND VAN DIE VERMEULEN-FAMILIE
Posbus 340, Fontainebleau, 2032
Tel/faks: 011 793 7271 • Sel: 082 921 0344

Webblad: **www.vermeulenbond.org**
E-pos-adres**:** **jverm@lantic.net**

Jaargang 11 : 2012/2

Oktober 2012

---

1. VOORWOORD

Die bestuur van die Bond stel hiermee ons tweede nuusbrief vir 2012 bekend.

2. ALGEMENE LEDEVERGADERING

'n Algemene ledevergadering is op 11 Augustus 2011 te Kraalkop, in die Fochville-distrik, gehou.

OPSOMMING VAN LEDEVERGADERING:

2.1 KONSTITUERING

Volgens die Grondwet vorm 14 lede 'n kworum. By die vergadering was 26 lede teenwoordig of was verteenwoordig.

2.2 VOORSITTERS- EN FINANSIËLE VERSLAE : OORSIG OOR JAAR 2011-03-01 TOT 2012-02-29

Verslae is voorgelê en goedgekeur.

2.3 VERKIESING VAN BESTUUR VIR 2012/13

Nominasies vir bestuurslede is vir die volgende lede ontvang:

(a) Nicholas Francois Vermeulen, Posbus 1225, Strubensvallei, 1735
(b) Izak Stefanus Vermeulen, Rooibokweg 14, Robinhills, Randburg, 2194
(c) Johannes Petrus Vermeulen, Hobsonstraat 1, La Hoff, Klerksdorp, 2571
(d) Marius Eugene Vermeulen, Posbus 39616, Faerie Glen, 0043

Ná bespreking is al die genomineerdes aanvaar as Bestuurslede vir die periode 2012-08-11 tot die volgende Algemene Ledevergadering.

Bestuurslede (van links na regs) : Izak, Johan, Marius en Nico VERMEULEN

2.4 **ALGEMEEN**

Die volgende aangeleenthede is bespreek:

2.4.1 Magtiging word verleen dat die volmagte na afloop van die vergadering vernietig word.

2.4.2 Bestuur moet oorweeg om geslagstate beskikbaar te stel.

2.4.3 Dokumente vergader oor die jare moet geskandeer word. Die dokumente moet daarna in GGSA Noord-Wes se bewaring geplaas word met die idee dat hulle dit veilig bewaar. Die dokumente bly die Bond se eiendom en moet terugbesorg word as GGSA Noord-Wes, om welke rede ook al, dit nie verder kan bewaar nie. ‘n Skriftelike ooreenkoms moet opgestel word. ‘n CD van die geskandeerde dokumente moet in die Bond se besit bly.

2.4.4 Brei fotoregister verder uit.

2.4.5 Benut Facebook verder/meer.

3. PRIORITEITE VIR 2012/2013

Die volgende word aanvaar as prioriteite vir 2012/13:

3.1 Hou webblad op datum
3.2 Werf nuwe lede
3.3 Adverteer geslagsregisters/CD’s/geslagstate : Johan/Marius/Nico
3.4 Brei fotoregister verder uit : Nico
3.5 Vind iemand om Facebook te bedryf : Johan
3.6 Die skandering en stoor van Bond se rekords/inligting : Marius
3.7 Nuusbrief: Inhoud/Druk : Bestuur
3.8 Druk 10 verdere geslagsregisters (boeke) : Marius

3.9 Iemand moet die PAF by Johan oorneem : Marius sal oorweeg/dink

4. WERWING

DIE BOND VERWELKOM DIE VOLGENDE NUWE LEDE

In ‘n poging om nuwe lede te werf, het die Bond by sy vorige jaarvergadering besluit om vir die eerste 20 nuwe lede wat aansluit elk ’n Vermeulen-bierbeker en ‘n pragtige voorgeslagtestaat, wat geraam kan word, te stuur. Ons kondig met trots ons nuwe lede aan:

1. Gerhard Areal Vermeulen van Somerset-Wes

2. Leon Johannes Vermeulen van Williston

Geen Foto beskikbaar. **3. Karel Wynand Vermeulen van Durbanville**

4. Regard Vermeulen van Capital Park

5. Abraham Karel Vermeulen van Brackenfell

6. Barend Johannes Vermeulen van Irene, Pretoria

7. André Vermeulen van Wingate Park, Pretoria

8. Geen foto beskikbaar Grant Vermeulen van Ifafi

9. Benjamin Petrus Vermeulen van Bloemfontein

10. Sybrand Johannes Vermeulen van Strand

11. Liezel Vermeulen van California, VSA



12. Peter Douglas Leslie Vermeulen van Durban

13. Erich Stefanus Vermeulen van Randburg

14. Judith Louise Nelson van Wierda Park.

15. Monique Micheala Vermeulen van Centurion

16. Evert Phillip Vermeulen van Centurion

17. Hesta Vermeulen van Little Falls, Roodepoort

18. Marius Eugene Vermeulen van Moreletta Park, Pretoria

Geen foto beskikbaar

19. Cecilia Astle, geb. Geldenhuys van Fochville.

5. DIE OPGEDATEERDE GESLAGSREGISTER

Die volgende is nog beskikbaar:

5.1 Die geslagsregister met foto's, op CD, se verkoopprys is R200. Verpakking, versending en versekering na adresse binne die RSA beloop 'n ekstra R50.

5.2 Die geslagsregister in boekformaat, wat nie die foto's insluit nie, se verkoopprys is R550. Saam met die boek kan u dan ook 'n volledige register met foto's op CD koop. Totale prys gaan dan R750 beloop. Verpakking,versending en versekering na adresse binne die RSA beloop 'n ekstra R100 (Slegs 'n beperkte aantal registers is nog beskikbaar).

Daar word voortgegaan om die geslagsregister asook die foto-albums op te dateer en uit te brei. 'n Beroep word op alle Vermeulens en Vermeulen-afstammelinge gedoen om moontlike foute en tekortkominge aan ons uit te wys en addisionele inligting, foto's van persone en foto's van grafstene aan ons te verskaf.

6. LIEF EN LEED

6.1 TROUES:

Sedert die vorige nuusbrief het ons nie kennis ontvang van lede van die Bond en/of hul familielede wat in die huwelik getree het nie.

6.2 GEBOORTES

Sedert die vorige nuusbrief het ons nie kennis ontvang van lede van die Bond en/of hul familielede vir wie daar kindertjies gebore is nie.

6.3 STERFTES

Ons het met leedwese kennis ontvang van die volgende twee Vermeulens wat gestref het:

6.3.1 **Petrus Johannes (Pieter) VERMEULEN**

Gebore 23 Augustus 1946, oorlede 14 Maart 2012. Privaat verassingsdiens te Stilbaai op 21 Maart 2012.

6.3.2 **John Schickerling VERMEULEN**

Gebore 27 Mei 1947, oorlede 8 Augustus 2012. Begrafnisdiens, NG Kerk Luckhoff op 16 Augustus 2012. Begrawe op die plaas Plessisdam, Luckhoff.

Ons innige meegevoel met die naasbestaandes van die oorledenes.
Mag hul nagedagtenis in u gedagtes bly voortleef.

6.4 GELUKWENSE :

Die Bestuur van die Bond se gelukwensing aan Duane Vermeulen met sy verkiesing as Springbok rugbyspeler. Duane (Daniel Johannes) Vermeulen is op 4 Julie 1986 te Nelspruit gebore. Sy pa en voorgeslagte was egter woonagtig te Lambertsbaai aan die Weskus.

Duane is ‘n rugbyspeler van formaat as een van die lostrio. Hy speel sedert 2011 Super XV en Curriebekerrugby vir die Stormers/WP. In 2012 verwerf hy Springbokkleure as agsteman. Sover bekend is Duane die eerste Vermeulen Springbokrugbyspeler. Ons is trots op hom.

7 VERMEULENSTRAAT, PRETORIA :

Met die verandering van straatname in Pretoria is Vermeulenstraat verander na Madibastraat**.**

Vermeulenstraat is vernoem na twee van die volgende Vermeulen se seuns. Hierdie Vermeulens het, nog voordat Pretoria tot stad verklaar is, reeds in die omgewing van die latere Kerkplein gewoon.

d8 **Guilliam Christoffel VERMEULEN (Verw. 4901)**, gedoop 05.11.1788, Oorlede op die plaas Hartebeestpoort. Guilliam het eers op die plaas Renosterberg, Coleberg gewoon. Die plaas Hartebeestpoort is in 1853 deur Guilliam Christoffel VERMEULEN en sy skoonseun, Frederik Jacobus Matthys DE BEER, van David Adolph Michael Botha aangekoop. Die oordrag het op 1853-04-20 geskied. Sy seun Hendrik VERMEULEN erf later (1859) sy pa se deel van die plaas. Hierdie oordrag vind op 1859-10-28 plaas. Silverton word later op ’n deel van die plaas aangelê. Die huis op die plaas (Guilliam se woonhuis) het die eiendom van die stadsraad van Silverton geword. Silverton is gedurende 1964 by groter Pretoria geïnkorporeer. In 1972 skenk die stadsraad van Pretoria die huis aan die Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseum. Die huis heet vandag die Pioniersopelugmuseum. Kinders (8): 4902, 5613, 5619, 5681, 5682, 5683, 5759, 5822. Trou Graaff-Reinet 03.04.1809, **Johanna Philippina WOLFAART**, Gedoop Paarl 16.06.1786, Oorlede Hartebeestpoort, Pretoria. (Albei is vermoedelik daar begrawe, maar grafstene bestaan nie).

Twee van Guilliam se seuns was :

e6 **Hendrik Johannes VERMEULEN, Verw. 5683 .** Gebore Colesberg 13.08.1819, † Witfontein, Potchefstroom. 04.01.1895 »□ Andries Francois du Toit, die eerste Landdros van Pretoria, word deur President MW Pretorius gevra om die stad Pretoria te beplan. Die plek waar die Voortrekkers hulle op Elandspoort, Daspoort, Groenkloof, Derdepoort, Garsfontein en Koedoespoort gevestig het, word op 1855-11-16 as dorp verklaar. ’n Kommissieraad van die Volksraad vergader van 27 tot 30 Mei 1856 “ten huizen van den heer Vermeulen” (Hendrik) en word bepaal dat Pretoria die hoofstad sou wees. Op Maandag 1857-02-23, word die Vierkleur op die plein gehys. Vermeulenstraat, Pretoria is na hom en sy broer “Kootjie”, Jacobus Gerhardus Vermeulen, vernoem. Hendrik het in 1859 sy pa, Guilliam Christoffel, se Suidelike deel van die plaas, Hartebeestpoort geërf. Die oordrag van die plaas na Hendrik vind op 1859-10-28 plaas. In 1873 verkoop Hendrik sy gedeelte aan sy seun Jan Albert (f4), sy skoonseuns Guillaume Schoombe Pretorius en Willem Adriaan Fourie vir 105 pond elk. Op 1874-09-25 verkoop die drie die plaas aan die duitser Hans Heinrich Mundt vir ’n bedrag van 1,400 pond. Oordrag van die eiendom geskied op 1875-03-22. ’n Gedeelte van die plaas staan vandag bekend as Die Wilgers. Silverton word ook later op ’n deel van die plaas aangelê. Die huis op die plaas (Guilliam se oorspronklike woonhuis) het die eiendom van die stadsraad van Silverton geword. Silverton is gedurende 1964 by groter Pretoria geïnkorporeer. In 1972 skenk die stadsraad van Pretoria die huis en ’n gedeeltre van die grond aan die Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseum. Die huis heet vandag die Pioniersopelugmuseum. Morelettaspruit loop deur ’n gedeelte van die

grond. Mundt se vrou was Aletta. Dit word vertel dat verbygaande reisigers Aletta geskreeugroet het met " Môre Letta". Morelettaspruit het so sy naam gekry. Hendrik het hom veral besig gehou met perdekoetsritte na Oos-Transvaal. Dat Hendrik 'n vername rol gespeel het in die openbare lewe vind ons o.a. ook in die volgende : In die Staatskoerant van 28.12.1871, 2/2, en 3.09.1872, 1/1, word hy as "lid van die Landkommissie aangewys". In die Staatskoerant van 10.07.1866, 2/1, word hy as Heemraadslid aangewys. In die Staatskoerant van 30.08.1873, 2/1, word hy as lid van die Heemraad herkies.
Kinders (6): x{5684, 5686, 5687, 5688, 5689, 5690}. Trou Colesberg 07.02.1842, **Johanna Sophia VAN NIEKERK** (d.v. Jan Albert VAN NIEKERK & Aletta (Margaretha) Maria VAN DER MERWE), Gebore 24.10.1820, Gedoop Graaff-Reinet 19.11.1820, Oorlede ±1872 »ø x NG Kerk rekords. Colesberg gemeente. Huweliksregister xx Potchefstroom. 03.06.1873, **Johanna VAN TONDER**<487> »x Inskrywing op bld. 116 van 1873.

e7 **Jacobus Gerhardus (Kootjie) VERMEULEN, Verw. 5759**, Gebore Colesberg 15.05.1821, Oorlede Pretoria 08.11.1898. Kootjie het deelgeneem aan die slag van Boomplaats op 1848-08-29. Kootjie is gedurende die slag gewond en wel in die knieskyf. Hy het daarna mank geloop en is die stuk lood eers 40 jaar later uit sy knie verwyder! Kootjie en sy broer Hendrik het in die omgewing van die huidige Kerkplein gaan woon. Hulle was boere en het as tuiniers 'n aandeel gehad in die aanlê van 'n watervoor na die Kerkplein. Hendrik se huis het op die terrein van die huidige paleis van Justisie gestaan, terwyl Kootjie in 'n baksteenhuisie gewoon het waar later die Capital Teater (langs die Oostelike ingang tot die huidige gebou van die Transvaalse Provinsiale Administrasie) opgerig is. Beide broers het ook ondervinding van messelwerk gehad en het hul gehelp met die oprigting van die eerste kerkie op die Kerkplein. Die gemeente het bekend gestaan as Pretoria Philadelphia Broederschap. Kootjie self, was jare koster van die gemeente. In Kootjie en Philippina Susanna Vermeulen se testament word oa. vermeld dat : "aan Johanna Susanna Elizabeth Vermeulen de noordelyke helft van Erf No. 389, blok B.B. gelegend Pretoriusstraat in het Stad Pretoria en aan Benjamin Vermeulen de Zuidelyke helft met de daarop staande gebouwen". Vermeulenstraat in Pretoria is na hom en sy broer, Hendrik Johannes, vernoem. 'n Afdruk van die notule van die vergadering van efgename gehou op 18 April 1905 deur die Meester van die Hooggeregshof, as voorsitter Mnr. John William BELLE, is ook beskikbaar. In die Volkstem van 5 September 1873, verw. 3/2 word aangedui dat Jacobus aangewys is as 'n lid van die Jurie in 'n hofsaak teen ene Barend BREYTENBACH.
Kinders (10): x{5760},
xx{5761, 5762, 5809, 5810, 5811, 5812, 5813, 5817, 5818} Trou Colesberg 04.11.1844, **Heiltje Magdalena ESTERHUIZEN** (d.v. Christoffel Johannes ESTERHUIZEN & Hilletje Magdalena PRETORIUS), Gebore Beaufort-Wes 10.07.1823, Gedoop Beaufort-Wes 04.01.1824, Oorlede 26.05.1847. Trou vir 'n tweede keer te Colesberg 29.05.1848, **Philipina Susanna VAN DER WALT**<178> (d.v. Andries Petrus Jacobus VAN DER WALT & Cornelia Magdalena POTGIETER), Gebore "Kaapsche Kolonie" 28.12.1833, Oorlede Pretoria 11.10.1889 »□ In hul testament word haar name as Philippina Susana, terwyl dit op haar sk. as Phillipina Susanna Vermeulen, geb. v.d. Walt, aangedui word.

TWEE FOTO'S VAN VERMEULENSTRAAT, AAN DIE BEGIN JARE, IN PRETOIA. (Foto's Rosa Swanepoel)





8 FACEBOOK-BLAD:

DIE BOND WYS SY GESIG OP "FACEBOOK"

Tydens die bestuursvergadering van die Bond gedurende Januarie 2012 is besluit om vir die Bond van die Vermeulen-familie 'n Facebook-blad oop te maak om sodoende die nuutste kommunikasiemediums te gebruik om ons Vermeulen-gemeenskap in Suid-Afrika te bereik. Dit is immers hier waar veral ons jongmense, tot die in die middeljare, gereeld met mekaar gesels. Die reaksie was oorweldigend en ons het tans 297 lede. Daar is nog talle Vermeulens op Facebook wat nie aangesluit het by ons blad nie, deels omdat hulle nie daarvan weet nie en deels omdat hulle nog nie genooi is om lid te word nie. Ek het begin om Vermeulens te nooi sover ek kon totdat Facebook my begin beperk het.

Nou wat het ons sover beleef en geleer uit Facebook? Alles wat met mense in die alledaagse gebeur! Verlief wees, partytjies voor troues, pragtige troues, die vreugde van klein Vermeulentjies of vriende se kinders se geboortes, alles wat tusssenin gebeur, en ook die oomblikke wanneer ons afskeid neem.

Maar wat my die meeste aangryp en inspireer as ek my FB-blad oopmaak, is die dinamika en gees wat daar in ons families heers. Jy lees vlugtig deur al die beriggies van die vorige dag en jy voel so ‘n positiewe iets; ek weet nie mooi om dit te verwoord nie. Dit is grappies maak, ‘n geskerts met mekaar, deel van lief en leed, ens.

Baie kontakte word hier gemaak. Families vind mekaar, verlorenes word opgespoor. Party ontdek familie wat hulle nie eens van bewus was nie. Ander soek nog antwoorde.

Natuurlik het die Bond ook baie mense wat nog nie in die Vermeulen-familieregister opgeneem is nie, opgespoor.

Vir almal wat gereeld deelneem en bydraes lewer, baie dankie! Nooi nog familielede om deel te wees! Die Bond besef dat ons nog nie die FB-blad tot sy volle potensiaal benut nie en ons gaan binnekort verder hieraan aandag gee.

Hierdie blad is begin deur Nico Vermeulen en na die afgelope jaarvergadering is die administrasie van die Facebook-blad oorgedra aan Petrus Vermeulen van Prieska.

Hier is die aansluiting-skakel indien u die Facebook profiel blad van die Bond wil besoek, of indien u iemand anders ook daarvan wil vertel.

https://www.facebook.com/groups/275110929222200/

9 BYDRAES DEUR VAN ONS BONDSLEDE

9.1 VIER VERMEULENS IN ROME:

Ek het menige keer vir mense van die ongewone toevalligheid vertel. As student op Stellenbosch het ‘n koshuismaat, vandag Ds. Johan Krige van Kroonstad, my aangehits om ‘n Bybelstudietoer na die Bybellande gedurende Januarie 1971 te onderneem. Nog nooit op ‘n vliegtuig nie, wat nog buiteland! Nietemin, geldjies wat ek gespaar het tydens my weermagopleiding was genoeg. Die groepie was seker so 20. Op die lughawe word ek voorgestel aan die toerleier, Stoffel Vermeulen – sou later hoor hy is ‘n verkeersbeampte in Kimberley, besig met studies in antieke tale (as ek reg onthou). Die toer was ‘n maand lank, het begin in Brittanje, toe Italië, Griekeland, Turkye en laastens Israel.

In Rome loop ek en Stoffel toevallig een laatmiddag in die strate van Rome. Ons stap verby ‘n winkel wat seëls verkoop en ons stop om na die uitstalling in die vertoonvenster te kyk. Ons is beide seëlversamelaars. Terwyl ons staan en die seëls bewonder kom ‘n jong man en dame verby. “Hoor julle praat

Afrikaans”! Stel mekaar voor, hy is Flip Vermeulen (Philippus verw. 4417) en sy vrou is Maryna. Hier staan toe vier Vermeulens in die middel van Rome. Ons het nie groot gewag daarvan gemaak nie, bietjie gesels en hulle is toe vort. Sy naam het my bygebly omdat my pa ook Flip was. Eers heelwat later sou ek besef hoe ongewoon dit was.

Jare later, gedurende 2003, sou die interessantheid ‘n verdere wending neem. Ons is lief vir jag en jaarliks gaan maak ons ‘n draai in die bos. My seun André (verw. 9850) vergesel my reeds van ‘n jong ouderdom. Hy het op Tukkies studeer en raak moeg vir die oumanstories om die kampvuur. Hy vra of hy ‘n vriend kan saamneem, ek sê ja maar ek sal darem eers die universiteitsvriend wil ontmoet. Hy reël dit toe. Hy stel hom voor as Peet Vermeulen (Petrus Andreas, verw. 4422). Ons gesels oor sy agtergrond en vertel my sy pa is Flip, en hulle is vlieëniers. Ek vertel hom van my ondervinding in Rome. Hy bel sy ma, ja sowaarlik hulle was Januarie 1971 in Rome op hulle wittebrood!

Sien ook die bygaande artikel oor Peet se pa, Flippie Vermeulen!

NICO VERMEULEN (verw. 9849)

9.2 SPAN JOU VLERKE KAPTEIN:

Ek sit in die wagkamer en wag. Iemand vra: “Is die kaptein al terug?”. Ek dink onwillekeurig aan die gewilde liedjie “Kaptein, span die seile” en sit en dink, hierdie kaptein het sy vlerke ver en wyd oor die uithoeke van die aarde gespan! Ek blaai deur ‘n paar tydskrifte op die koffietafeltjie voor my – dit is net vliegtuie, helikopters en moderne vliegtoerusting. ‘n Kontrakteur kom by die deur in, wys na ‘n deur en sê, hier moet ‘n bord opkom: “Kaptein Vermeulen”. Later hoor ek iemand groet respekvol “Môre Kaptein”. Hy kom nader en stel homself voor “Flippie, aangename kennis”. Lenig, fors en vol energie, som ek hom op.

Vir ‘n geruime tyd probeer ons (Die Bond) al om met hierdie merkwaardige man en sy net so merkwaardige familie te gesels. Pa Philippus en al drie sy kinders, Barend Johannes (Ben), Petro en Petrus Andreas (Peet), is vlieëniers. Ja, bid jou aan, die Vermeulens beset die hemelruim!

Ons sit rustig oor ‘n koppie koffie en gesels in sy nuwe kantoor by die Randse Lughawe. Waar het dit alles begin? Ons gaan so bietjie terug in die geskiedenis, dit bly merkwaardig. Oupagrootjie was ‘n tuiemaker – tuie vir die vervoermiddels van die tyd, perde, donkies en osse! Kaptein Flip vlieg met die modernste vervoermiddel oor die aarde heen. Met die koms van motors het die familie oorgeslaan na kleremakery. Oupa Gabriel was ‘n kleremaker op Graaf Reinet en die huis staan vandag nog daar. Op ‘n stadium besluit Oupa om te gaan boer op Biesiesvlei in die ou Wes-Transvaal. Kaptein Flip se pa begin om by die plaaslike koöperasie te werk nadat hy skool verlaat het. Gevolglik het hy by al die koöperasies in daardie omgewing gewerk. Flip se ma, ‘n nooi Steyn,

het die plaas Uitschot geërf waar al die kinders gebore is behalwe Flip, die jongste van 8, wat op die nabygeleë Gerdau gebore is. Flip het sy laerskoolloopbaan op Coligny en Gerdau voltooi en het sy hoërskool jare op Lichtenburg deurgebring. Die bekende akteur Zak du Plessis was saam met hom in die koshuis. Hierna is hy Lugmag toe.

Nou waar het die belangstelling vir vlieg by ‘n jong plattelandse seun ontstaan? Hy onthou dit dag en datum – September 1955. Hy was net meer as 6 jaar oud toe sy ouer broer Banie en dié se vriend, Paul Neser, een naweek huis toe gekom het en gepraat het van hulle vliegervarings as leerling vlieëniers op Dunnottar. Hy was so gefasineer deur hulle gesprek dat hy daar en dan besluit het dit is wat hy wil doen. Sy hele skoolloopbaan was daarop gerig.

Hy kry sy vliegopleiding op Dunnotter in 1967 en verwerf sy vleuels in 1968. Hy vlieg hoofsaaklik ‘transport’ vliegtuie en doen in 1969 die Dakota aanpassing. Vandaar die groot liefde vir die Dakota en besit sy eie al vir etlike jare. Kaptein Flip begin by die Suid-Afrikaanse Lugdiens op 5 Januarie 1970 werk as een van die jongste vlieëniers en op die ouderdom van 30 jaar was hy al kaptein. Na 24,500 vliegure tree hy einde Oktober 2011 af as Senior Opleidingskaptein. Hy het al die Boeings en Airbus-vliegtuie wat SAL bedryf het, gevlieg en ander opgelei om dit te vlieg. Hy het al die groot wêreldstede besoek en hy sê as daar een ou is wat die binnekant van ‘n hotelkamer ken, dan is dit hy. Hy het ‘n groot deel van sy lewe in hotelle deurgebring. Dit is kennis wat hy toe tog nuttig kon gebruik met die ontwerp en oprigting van hul eie Dakota Lodge by die Randse Lughawe.

Interessanthede en insidente was daar uiteraard baie oor so lang loopbaan. Hy vertel van hooggeplaastes wat hy rondgevlieg het, Eerste Minister B.J. Vorster na Zürich om met mnr. Henry Kissinger, die legendariese Amerikaanse Minister van Buitelandse Sake te onderhandel, Minister Pik Botha na Brazzaville om oor Suidwes-Afrika te onderhandel, die akteur John Travolta in ‘n DC-4 na Amerika, vir Michael Jackson na Sun City, Koningin Beatrix van Denemark, ens.

Dan kom ons by sy GROOT trots, sy kinders wat almal vlieg. Ben, die oudste was by SAL opgelei in vliegtuiginstandhouding. Hy is vandag in beheer van die onderhoudsafdeling van hulle groot onderneming by die Randse Lughawe. Alle ligte vliegtuie word daar gediens en dan is daar deur die jare al talle interessante vliegtuie herbou. Ben vlieg ‘n verskeidenheid van ligte vliegtuie.

Petro, sy dogter, het haarself eers as prokureur bekwaam, maar dit was nie lank nie en die vlieggogga het haar ook gebyt. Pa en dogter het lank saamgewerk as vlieëniers by SAL en menigmaal saam die Boeing 747-400 en die A340 gevlieg. Petro is vandag Senior Eerste-offisier op die Airbus 340. Sy doen ook baie huurvlugte saam met haar pa met die Dakota. En dan is daar ook die groot lekkerkry wanneer Flip, Petro en broer Peet met die Dakota lugskoue doen, iets wat hulle vreeslik geniet. Sy is ook betrokke by die bestuur

van die Dakota Lodge met sy 24 kamers, gerig op vlieëniers en studente wat van die lughawe gebruik maak.

Jongste broer Peet het ook by SAL as tegnikus begin, toe gekwalifiseer as Bedryfsingenieur en in daardie rigting gewerk vir ‘n paar jaar voordat hy ook besluit het om vlieg sy beroep te maak. Peet was tot onlangs Senior Eerste-offisier by Airlink en het so pas by Mango begin vlieg op die B737-800. Sy verantwoordelikheid in die familiebesigheid is die vliegskool, Springbok Air Academy.

In hierdie geval is dit miskien laaste, maar beslis nie minste nie! Maryna, Flip se vrou (Vlooi soos hy haar noem) is die spilpunt waarom hulle uitgebreide familiebesigheid draai. Sy hou vandag nog die beursie styf vas. Met Flip meermale weg van die huis bestuur sy die huishouding en besigheid meesterlik. Daarby het sy ook ‘n plaas naby Petrusville en Orania geërf waarop hulle besproei en met vee boer. Hulle het ook onlangs nog grond bekom naby Orania, wat toevallig vantevore aan Vermeulens behoort het.

Wat doen Kaptein Flippie vandat hy afgetree het by SAL? Wel, hy is besiger as ooit. Behalwe vir sy betrokkenheid by hulle familiebesigheid en die boerdery belange, vlieg hy nou ‘n Airbus 319 vir ‘n privaat besigheidsman in die Verre Ooste op ‘n maand-aan-maand-af basis. Hy beoog om nog so 2 jaar daarmee vol te hou. Dan doen Springbok Classic Air ook, so 3 of 4 keer per jaar vliegsafari’s met die Dakota vir internasionale reisigers na al die belangrike besienswaardighede in Suidelike Afrika.

Wat ‘n merkwaardige Vermeulen-familie en prestasies waarop hulle baie trots kan wees.

Artikel deur : Nico Vermeulen.

9.3 VERMEULEN ENGLISH NEWSLETTER 2012

In 1996 THE WORLD BOOK OF VERMEULENS prepared by Halbert's Family Heritage, listed the number of Vermeulens around the world in the following fashion.

Country	Total Estimated Population	Where
United States	1824	mostly in Michigan, but also in 42 states
Canada	717	mostly in Ontario, but also in 7 provinces
Australia	418	mostly in West Australia, but also in 6 provinces
New Zealand	92	mostly in North Island, and in 2 provinces
Great Britain	193	mostly in Middx, and in 25 provinces
Northern Ireland	1	Co-Armagh
Ireland	3	Wicklow

It is fair to assume that in the nature of things that they would become English speakers as the families expanded.

In other countries that are listed such as

Country	Total Estimated Population	Where
Austria	10	in Niederosterreich, 3 households

Germany	580	in Nord-hein – Westfalen and in 12 provinces
Switzerland	63	in Zurich and in 10 provinces
France	869	in Nord and in 76 territories
Netherlands	19,190	in Zuid-Holland and in 12 territories
South Africa	6,378	in Transvaal and in 4 provinces

It also gave the actual physical addresses of the people and listed them all individually.

Our family became English speakers because my mother, being of Scottish descent seemed unable to learn to speak Afrikaans, which was my Dad's home language. At one stage many years ago I was a representative for Lever Bros, and based in Queenstown, travelling also in the East London, Barkly East, Aliwal North areas. During that period I became so bilingual that my grammar for both languages started to get mixed up, as I moved between the mainly English and Afrikaans areas. However, after 35 years in Durban, my Afrikaans is very rusty, although I can still speak it.

I have lost complete contact with my Dad's family, and would love to re-establish contact.

My grandfather, **Roelof Andries (Andreas) VERMEULEN-1280** was born on 7 March 1896. He was christened on 19 April 1896 in Strydenburg. He died on 6 January 1968.

His children were **Christoffel VERMEULEN-1285** was born on 2 March 1904 in Hopetown. He died on 24 April 1992 in Bronkhorstspruit.

Anna Catharina Dorothea SMIT-1293 in Pretoria. Anna was born about September 1916 in Nylstroom. She died on 25 October 1952 in Pretoria.

Hester Cecilia VERMEULEN-1286 was born about 1906.

Jacobus Johannes VERMEULEN-1288 was born on 28 September 1910. He died on 28 Jul 1980.

Jan Gabriel VERMEULEN-1289 was born on 28 September 1912. He died on 25 February 1986.

Jan Hendrik VERMEULEN-1290 was born on 20 January 1917. He died on 20 March 1985.

Maria Elizabeth VERMEULEN-1291 was born on 17 January 1920.

Barend Johannes VERMEULEN-1292 was born on 2 September 1923.

If any of the descendants of that generation would like to contact me through the Vermeulen Bond I would be very grateful, also for my son's sake.

I have currently published 7 books and am working on another 9 to complete a series of 12, of which 3 are already published. My books are available at amazon.com/author/dougvermeulen.

Alles van die beste.

Doug Vermeulen – New member

10 PAAR BERIGTE UIT NEDERLANDSE KOERANTE

10.1 Berig in die Haagsche Coerant:

den 7 Augustus 1796. JAC. GAILLARD.

Nadien het den Almagtigen God behaagd heeft onze geliefde oudſte Dogter PIETERNELLETJE PANNEVIS, heeden namiddag in den Ouderdom van 19 Jaaren 8 Maanden en 8 dagen, en dus in den bloei haar's leevens, aan de Kinderziekte door den dood uit onze liefde armen wegterukken, en zo wy op Christelyke gronden vertrouwen, in zyne Eeuwige Heerlykheid overtebrengen, zo hebben niet willen afzyn deeze treurige gebeurtenis waar in wy Gode zwygen, door deezen gebruikelyken weg ter kennisſe te brengen van Naastbeſtaanden en Vrienden, terwyl wy ons zonder brieven van Condoleäntie, van hunne deelneeming in deeze, verzeekerd houden.

Overſchie
8 *Augustus* 1796.

PIETER PANNEVIS, JUNIOR.
ANTJE VERMEULEN.

10.2 Berig in die Utrechtsche Coerant:

*** Gister nademiddag, omtrend 4 uuren overleed tot myn en myner twee Kinderen groote droefheid aan verval van krachten, myn zeer geliefde Echtgenoot JAN FREDRIK RUPPEL, in het byna 32*ften* Jaar onzer Echtverbindtenis en ruim 64*ften* van zyn leven. Van dit voor ons zeer fmertelyk verlies, waarover alleen de op goede gronde fteunende gedachte van zyn overgang tot een gelukkiger ftaat, ons troosten kan, geve ik by deze kennis aan alle onze Vrienden en Bekenden, van welker deelneming ik my verzekerd houde, zonder zulks door de aandoeningen gedurig verlevendigende brieven van Rouwbeklag bevestigd te zien.

AMSTERDAM *den* 13. *January* 1798.

A. VERMEULEN. Wed. van J. F. RUPPEL.

10.3 Rotterdamse Coerant:



Heden avond, ten 6 uren, is myne geliefde Huisvrouw, PETRONELLA WILHELMINA BICKER, gelukkig, bevallen van een welgefchapen ZOON.

Rotterdam *den* 14 *November* 1798.

A. G. VERMEULEN.

10.4 Limbursch Dagblad:

Gezinsuitbreiding Pierre Vermeulen

OUD-BEYERLAND – Het gezin van Pierre Vermeulen is gisteren uitgebreid met een dochtertje. Pierre Vermeulen en zijn echtgenote Marie-Thérèse noemen hun baby Patricia. De kersverse MVV-aanwinst was al vader van een zoontje van 15 maanden.

(Pierre is ook ‘n bekende sokkerspeler in Limburgh)

Dalk is daar nog ‘n familieverbintenis tussen ons en hierdie Vermeulens.

11 KERSBOODSKAP:

Die Meulenaar en Bestuur van die Bond wens u en u geliefdes ‘n Geseënde Kersfees en ‘n baie voorspoedige 2013 toe.